

HANDIGE TOEPS (APP'S) VIR GEBRUIK IN JOU GEESTELIKE LEWE

(Met erkenning aan ds Mossie Mostert, PSD Sinode Noord-Kaapland)



Ons Glo - Toep

Die volgende paar weke gaan ek 'n paar selfoontoepassings (toep - "app") met jou deel. Die **eerste toep** wat ek onder jou aandag bring, is: **Ons Glo**. Hierdie toep is deur die NG Kerk Wes Kaap se Jeug- en Familiebediening en deur Bybel-Media saamgestel en ontwikkel. Laai die toep gratis af deur op die volgende skakel te klik (Google Play): [Ons Glo](#)

Indien jy nie die toep kan aflaai nie, kan jy ook die webtuiste by <http://www.onsglo.co.za/> besoek. Op die webbladsy word dit soos volg beskryf: *'n Kooltjie in 'n vuur gloei die sterkste as dit naby ander kole is in die vuur. Net so het ons mekaar nodig om ons geloof te verwoerd en te versterk. Reis saam met ons deur die belangrike temas van ons Christelike geloof. Hierdie is 'n dissipelskaphulpmiddel wat deur kleingroepe, gesinne, kategesegroepes of individue gebruik kan word. 25 kerntemas word in die vorm van 'n Bybelstudie aangebied en die onderwerpe is gegroepeer rondom die vyf bakens van die Gereformeerde tradisie.*

Die Bybel-Toep in Afrikaans vir kinders

Die **tweede toep** wat ek onder jou aandag bring, is: **Die Bybel Toep vir Kinders**. Laai die toep gratis af



deur op die volgende skakel te klik (Google Play): [Die Bybel Toep vir Kinders](#). As jy die toep in Engels geïnstalleer het, kan jy by "opsies" op *language* klik en die taalvoorkeur na Afrikaans verander, op dié webbladsy word dit soos volg beskryf: *Die Bybel Toep vir Kinders is die nuutste toevoeging tot die YouVersion-familie van toeps. Die Bybel Toep vir kinders is nou beskikbaar vir Android*

slimfone en tablette en is altyd volkome gratis! Deur interaktiewe ervaring en pragtige animasie kan kinders die Bybel se heuglike stories ontdek. Die Bybel Toep vir Kinders is 'n pretgevolle ervaring wat ontwerp is om kinders keer op keer terug te lok. Dit is die begin van 'n lewenslange liefde vir God se Woord:

- *Maklike, kindervriendelike navigasie.*
- *Kleurvolle illustrasies.*
- *Raak-sensitiewe animasie.*
- *Innemende, interaktiewe inhoud wat die Bybel werklik maak.*
- *Pretfeite en aktiwiteite wat doelmatig ontwerp is om kinders te help onthou wat hulle leer.*
- *Spesiale uitdagings laat kinders belonings verdien.*



Real lewe - Toep

Die **derde toep** wat ek onder jou aandag bring, is: **Real Lewe**. Laai die toep gratis af deur op die volgende skakel te klik (Google Play): [Real Lewe](#). Op die webbladsy by <http://reallewe.bybelmedia.org.za/>, word dit soos volg beskryf: *Real lewe is die eerste reeks wat kategesebyeenkomste aanvul met videogrepe, klanksnitte en prentjies direk op jou foon. Dit ondersteun jou reis met God deur weeklikse aanhalings, Bybelgedeeltes en tips om in jou geloof te groei. Dit bevat ook bykomende agtergrondinligting vir dieper verstaan.*

Die toep is aanvullend tot drie kategese produkte wat by Bybel-Media beskikbaar is:

[Real lewe #1 Aangeraak deur God](#)

[Kompas - Rigting vir die lewe \(Tema-kategese\)](#)

[Padkaart - Sien die groter prent \(Tema-kategese\)](#)

Geloofsgewoontes is sekere dinge wat ons doen om in ons geloof te groei. Ons kan meer as een geloofsgewoonte gereeld utoeleef, maar hierdie jaar gaan ons elke week op een spesifieke geloofsgewoonte fokus en dit inoefen. Jy sal elke week 'n boodskap op jou foon kry met 'n uitdaging wat jy kan aanpak. Jy sal baie leer en ervaar, soms selfs iets wat jy nie verwag het nie!



Liedboek (NG Kerk) - Toep

Die **vierde toep** wat ek onder jou aandag bring, is: **Liedboek (NG Kerk)**. Laai die toep gratis af deur op die volgende skakel te klik (*Google Play*): [Liedboek \(NG Kerk\)](#).

Op dié webbladsy word dit soos volg beskryf: *Die NG Liedboek bevat al die liedere wat tans in die NG Kerk gesing word, onder meer:*

- *Psalm 1-150*
- *Liedboek Liedere 151-602*
Sleutelkenmerke:
- *Maklike liedkeuse*
- *Skep van sanglye*
- *Vir spesifieke vertoning*
- *Keuse tussen verskillende liedweergawes*
- *Alle verse word met note vertoon*
- *Lys van liedere in NG Liedboek.*

Die Liedboek toep is sedertdien opgedateer met nuwe funksies en 'n nuwe gebruikerskoppelvlak.

Die grootste verbetering is dat:

- daar 'n gevorderde soekfunksie is sodat gebruikers gepaste liedere kan opspoor op grond van 'n kombinasie van sleutelwoorde. Dit behoort musikleiers en predikante te help met hul erediensbeplanning.
- dat daar na opnames van liedere geluister kan word - ook om dit makliker te maak om liedere te kies.
- dat die inhoud uitgebrei is om die belydenisskrifte en verskeie van die kerk se formuliere in te sluit.

You Version - Toep (Bybel op jou selfoon)



Die **vyfde toep** wat ek onder jou aandag bring, is: **You Version**. Laai die toep gratis af deur op die volgende skakel te klik (*Google Play*): [YouVersion](#). Die YouVersion Toep moet eers geïnstalleer word en daarna kan die ander Bybelvertalings afgelaai word. Dit is sekerlik een van die beste Bybelselfoontoepassings. Dit is gratis en het 'n groot verskeidenheid Bybels in 'n hele klomp tale soos Afrikaans, Engels, Noord Sotho, Suid-Sotho, Tswana, ensovoorts. Die teoloë kan ook die Griekse en Hebreeuse teks aflaai.

Belangrik: Hierdie is 'n "web gebaseerde" program en internettoegang word benodig. Die meeste van die Bybels kan egter afgelaai word en op jou selfoon gestoor word. As 'n Bybel op 'n foon gestoor is, kan die Bybel sonder internettoegang gebruik word. Al die Bybels is gratis.



Pray as You Go - Toep

Die **sesde toep** wat ek onder jou aandag bring, is: **Pray As You Go**. Laai die toep gratis af deur op die volgende skakel te klik (*Google Play*): [Pray As You Go](#). Ds Gys van Schoor, verbonde aan die Sentrum vir Geloofsvorming, het in [e-Kerkbode van 3 April 2018](#) soos volg daaroor geskryf: *Pray-as-you-go is 'n webtuiste en app van die Jesuïete in Londen. Die Jesuïete, ook bekend as "the Society of Jesus" is 'n religieuse orde in die Katolieke kerk. Die Orde is begin deur Ignatius van Loyola in 1540. Die Jesuïete werk as onder meer priesters,*

onderwysers, akademië, skrywers, mediese dokters. Die Jesuïete fokus sterk op God se teenwoordigheid nou hier by ons. Jesus staan vir hulle sentraal.

Die Pray-as-you-go-webtuiste en -app bied 'n daaglikse meditasie oor 'n Skrifteks. Dit wil jou innooi om aan die hand van die teks self God se stem vir jou te hoor. Dit volg Lectio Divina se manier van luister na die Skrif. Dit duur omtrent 12 minute. Die meditasie bestaan uit 'n klokkespel, sang (kore oor die hele wêreld ook uit Suid-Afrika), Skriflesing, vrae wat jou uitnooi om na te dink, 'n tweede lees van die Skrifteks, met nog 'n vraag vir refleksie.

Ek kan dit van harte aanbeveel. In ons haastige besige lewe soek ons na tot-rus-kom-plekke vir ons hart. Pray-as-you-go kan so 'n plek vir jou wees. Besoek dit by [Pray as you go - home](#)